Brand by Ons Kinderhuis, Kinder-en Jeugsorgsentrum

ONS KORT JOU HULP!

Dit was groot konsternasie toe 'n deel van Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum in Victoriastraat in die vroeë oggendure van Maandag, 14 Augustus afgebrand het. Mnr. Van Dyk, hoof van die sentrum, sy personeel en die kinders was almal baie geskok toe hul agterkom dat die stoor aan die agterkant van die saal, besig is om te brand. Mnr. Van Dyk moes inderhaas voertuie verwyder en help om die brand te blus. Sy personeel het ook knap ingespring en gehelp om met brandslange die vuur te blus – praktiese toepassing van n oefening wat hul baie onlangs gehad het. Die brandweer het ook binne tien minute opgedaag en gehelp om die brand te blus. Dankie ook aan Engo se sekuriteit en Health and Satety vir hul hulp. Die oorsaak van die brand word nog ondersoek.

Almal is opreg dankbaar dat daar geen lewensverlies was nie. Geen wooneenheid het gebrand nie. **Alles in die Ons Kinderhuis se stoor asook die Kinder-en Jeugsorg se sentrale stoor** het egter uitgebrand: skoolklere, skoolskoene, en nie-bederfbare produkte soos mieliemeel, boeke en ou meubels. Die groot bus van die sentrum en 'n venterwaentjie het ook skade.

Die volgende is dringend nodig:

- ***Skoolklere, skoolskoene, tasse – beide hoër-en laerskool***
- ***Klere van 1 maand tot 18 jaar***
- ***Nie bederfbare voedsel produkte wat insluit: meel, rys, oats, spaghetti, blikkieskos, smere vir broodjies vir skool en aandete. Die kinders eet pap in die oggend en hulle hoofmaal is smiddae met broodjies saans.***
- ***Toiletware wat seep, room, deodorant en weggooibare skeermesse insluit.***

Die sentrale stoor sorg vir die behoeftes van 34 Kinder-en Jeugsorgsentrums oor die Vrystaat. In totaal het Engo se Kinder-en Jeugsorg 724 kinders wat versorg word. Groot waardering bestaan reeds vir mense wat skenkings gegee het vir verliese gely. Indien daar enige instansie of persoon is wat 'n donasie of skenking wil maak, kan daar geskakel word met **Benita van Tubbergh by 051 407 7012 of epos info@engo.co.za.**

A Helping Hand
Can Change the World

Engo
Child & Youth Care • Kinder-& Jeugsorg